Les 1

**26 September tot 2 Oktober*

Opvoeding in die tuin van Eden

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Gen. 2:7–23; Gen 3:1–6; 2 Pet. 1:3–11; 2 Pet. 2:1–17; Heb. 13:7, 17, 24.

Geheueteks:
"Kyk, God handel verhewe in sy krag; wie is 'n leermeester soos Hy?" *(Job 36:22).*

Die meeste bybelstudente ken die verhaal van Genesis 1-3 en die karakters daarin: God, Adam, Eva, die engele, die slang. Die toneel is 'n pragtige tuin in 'n paradys genaamd "Eden". Die storielyn blyk 'n logiese reeks van gebeure te volg. God skep. God gee Adam en Eva opdragte. Adam en Eva sondig. Adam en Eva word uit Eden verban. Maar, 'n dieper kyk in die eerste paar hoofstukke van Genesis, veral deur die lens van opvoeding, sal heelwat insigte blootlê ten opsigte van die karakters, die toneel, en die verhaal.

"Die opvoedingstelsel wat aan die begin van die wêreld ingestel is, moes daarna deur alle tye heen vir die mens 'n toonbeeld wees. As illustrasie van die beginsels hiervan is 'n modelskool in Eden, ons eerste ouers se tuiste, gestig. Die tuin van Eden was die klaskamer, die natuur was die lesboek, die Skepper self was die leermeester en die ouers van die menslike geslag was die studente." —Ellen G. White, *Opvoeding,* p. 20.

Die Here was die stigter, hoof (prinsipaal)en leermeester (onderwyser) van hierdie eerste skool. Maar, soos ons weet, het Adam en Eva uiteindelik 'n ander leermeester gekies en die verkeerde lesse geleer. Wat het gebeur, waarom het dit gebeur, en wat kan ons uit hierdie vroeë weergawe van opvoeding leer wat vir ons van nut kan wees?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 Oktober.*

Sondag

27 September

Die eerste skool

Al dink ons nie aan ‘n tuin as ‘n klaskamer nie, maak dit goeie sin, veral een soos Eden, wat gevul is met die onbesmette rykdom van God se skepping. Vanuit vandag se perspektief is dit moeilik om jouself voor te stel hoeveel hierdie ongevalle wesens, in ‘n ongevalle wêreld, en wat direk deur die Skepper onderrig is, moes geleer het in daardie “klaskamer”.

Lees Genesis 2:7–23. Wat sien jy raak omtrent God se doelgerigtheid in die skepping, plasing, en indiens-stelling van Adam?

God het die man en vrou na Sy beeld geskape, en hulle ‘n tuiste en sinvolle werk gebied. Wanneer jy die onderwyser-student dinamika in ag neem, dan is dit die ideale verhouding. God het Adam se vermoëns geken, want Hy het hom geskape. Hy kon Adam onderrig, welwetend dat Adam sy volle potensiaal kon verwesenlik.

God het die mens verantwoordelikheid gegee, maar Hy wou hom ook geluk gun. En, waarskynlik, deel van hierdie geluk wat hy hom gegun het, was ook om verantwoordelikhede aan hom toe te vertrou. Trouens, wie ervaar nie groot bevrediging, of geluk selfs, nadat toevertroude verantwoordelikhede getrou nagekom is nie? God het Adam se hart, en wat hy sou nodig hê om te floreer geken, en daarom dra Hy aan hom die taak op om die tuin te versorg. “Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas” *(Gen. 2:15, AFR83)*. Dis vir ons moeilik om ons in te dink, omdat ons net ‘n sondige wêreld en die dood ken, wat Adam se arbeid alles behels het en watter lesse hy, ongetwyfeld, geleer het terwyl hy gewerk en hulle tuintuiste onderhou het.

In Genesis 2:19–23 skep God diere-metgeselle vir Adam, en Hy skep ook sy vrou, Eva. God was bewus daarvan dat Adam die geselskap en hulp van ‘n eweknie nodig gehad het, dus skep Hy die vrou. God het ook geweet dat die mens in ‘n nabye verhouding met Hom moes wees, en daarom skep Hy ‘n intieme ruimte in Eden binne die grense van die tuin. Hierdie dinge getuig alles van God se doelgerigtheid in die skepping, en Sy liefde vir die mensdom. Weens die groot verwydering tussen ons en Eden is dit vir ons moeilik om ons voor te stel hoe dit daar moes wees- maar dit is wonderlik om te probeer om jouself al hierdie dinge voor te stel, is dit nie?

Al is ons ver verwyderd van Eden, kan ons steeds lesse uit die natuur leer. Wat is sommige van hierdie lesse, en hoe kan ons daaruit voordeel trek terwyl ons dit interpreteer deur die lens van die Skrif?

Maandag

28 September

Indringing

Vir baie onderwysers verskaf dit groot genot om hulle klaskamers in te rig: die ophang van kennisgewingborde, die uitsit van skryfbehoeftes, en die rangskikking van tafels in die beste posisie. Wanneer ons kyk na God se visie vir Sy klaskamer, die tuin van Eden, sien ons met watter sorg Hy 'n leervriendelike omgewing voorberei het vir Adam en Eva. Hy het begeer dat hulle deur skoonheid omring is. Ons kan ons indink dat elke blom, voël, dier, en boom 'n geleentheid gebied het sodat Adam en Eva meer oor hulle wêreld en hulle Skepper kon leer. Skielik is daar 'n verskuiwing van Genesis 2 na Genesis 3. Ons het kennis geneem van al die goeie dinge wat Hy met goddelike intensie geskape het. Maar in Genesis 3:1 word ons meteens bewus gemaak van God se voorsiening vir 'n vrye wil. Die slang se teenwoordigheid, "listiger as al die diere van die veld", dui eensklaps 'n verandering in die taalgebruik aan; dit is anders as wat ons tot dusver gelees het. Woorde soos "baie goed" en "nie geskaam nie" en "'n lus vir die oë" is byvoeglike naamwoorde om God se skepping in die vorige paar hoofstukke te beskryf. Met die slang, egter, is daar meteens 'n verandering van stemming. Die woord "listiger" word ook in sommige Bybels vertaal as "skelmste" en "agterbaksste" *(DB)*. Hier word nou skielik 'n negatiewe element na vore gebring vir dit wat tot op hede suiwer volmaaktheid was.

In teenstelling hiermee stel Genesis God voor as die teenoorgestelde van "skelm". God is onomwonde in Sy verwagtinge van die paartjie in die tuin. Uit God se opdrag in Genesis 2:16, 17 weet ons dat Hy een belangrike reël neergelê het wat hulle moes gehoorsaam; om nie te eet van die verbode boom nie. Een ding wat ons uit hierdie verhaal kan neem, staan uit: Adam en Eva is geskape as vrye, morele wesens, wat in staat daartoe was om te kies tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Vanaf die begin dus, selfs in 'n ongevalle wêreld, kan ons reeds die werklikheid van die mens se vrye wil sien.

Ondersoek die beskrywings wat deur die slang gegee word, en dan deur Eva herhaal word (Genesis 3:1-6). Wat let jy op oor die inligting wat die slang aan Eva gee? Wat merk jy dan op aangaande die wyse waarop Eva die boom van kennis van goed en kwaad beskou?

In Genesis 2:17 sê God aan Adam as hy van die boom sou eet, sal hy "sekerlik sterwe". Toe Eva in Genesis 3:3 die opdrag herhaal, het sy dit nie so sterk uitgedruk nie, en laat die woord "sekerlik" uit. In Genesis 3:4 plaas die slang hierdie woord terug, maar in totale weerspreking van wat God gesê het. Dit blyk alhoewel Eva deur God self in die tuin onderrig is, sien ons deur die woorde wat sy gebruik dat sy dit nie so ernstig opgeneem het as wat sy moes nie.

Dinsdag

29 September

Om die boodskap te mis[ken]

Ons het gister gesien dat Eva, ten spyte van God se duidelike opdrag, selfs in haar taalgebruik, dit afgewater het wat sy geleer het. Alhoewel sy nie die Here se woorde misinterpreteer het nie, was dit duidelik dat sy dit nie ernstig genoeg beskou het nie. Mens kan kwalik die gevolge van haar optrede oordryf. Toe Eva dus die slang teëgekom het, het sy die woorde van God oor die boom in die tuin, herhaal [maar nie die presiese weergawe nie] *(Gen. 3:2, 3)*. Hierdie boodskap was natuurlik nie nuus vir die slang nie. Die slang was vertroud met die opdrag en was daarom slaggereed om dit te verdraai, en sodoende Eva se onskuld uit te buit.

Ondersoek Genesis 3:4–6. Behalwe om God se duidelike woorde direk te ontken, wat het die slang ook gesê wat ooglopend by Eva aanklank gevind het? Van watter beginsels het hy misbruik gemaak?

Toe die slang haar meedeel dat ‘n deel van die boodskap foutief was, kon sy eerder met God gaan beraadslaag het. Die is die wonder van Eden se opvoeding: die toegang wat die studente tot die Magtige Leermeester gehad het was iets wat ons onsself nie nou op aarde kan voorstel nie. Maar, in stede daarvan om te vlug, of om goddelike hulp te soek, aanvaar Eva die slang se boodskap. Eva se aanvaarding van die slang se hersiene boodskap toon haar diepe twyfel in God en wat Hy haar en Adam vertel het.

Intussen bevind Adam homself in ‘n moeilike situasie. “Adam het besef dat sy gesellin die bevel van God oortree het, die enigste verbod wat Hy op hulle gelê het om hulle trou en liefde op die proef te stel. In sy gemoed het ‘n vreeslike stryd gewoed. Dit het hom berou dat hy Eva toegelaat het om van sy sy weg te dwaal. Dog die daad was nou gedaan; hy moes nou geskei word van haar wie se geselskap hy geniet het. Hoe kon hy dit toelaat”— Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, p. 56. Ongelukkig, ten spyte daarvan dat hy kon onderskei tussen reg en verkeerd, kies hy ook die verkeerde.

Dink na oor die ironie van misleiding wat hier na vore kom: die slang het gesê dat hulle “soos God” sal wees *(Gen. 3:5)*. Maar het Genesis 1:27 nie gesê dat hulle reeds soos God is nie? Wat leer ons hieruit oor hoe maklik ons mislei kan word, en waarom geloof en gehoorsaamheid ons enigste beskerming is al het ons die beste opvoeding ontvang, net soos Adam en Eva?

Woensdag

30 September

Om te herwin wat verlore was

Nadat Adam en Eva gekies het om die slang se boodskap na te volg, is hulle in die gesig gestaar deur verskeie gevolge, onder andere die verbanning uit God se klaskamer. Dink net wat Adam en Eva alles verloor het weens hulle sonde. Indien ons hulle val verstaan, kan ons 'n beter begrip hê van wat die doel van opvoeding vir ons in die huidige era is. Ten spyte van hulle verbanning, het die lewe in 'n onvolmaakte wêreld nou 'n nuwe doel vir opvoeding ingelui.

Indien opvoeding voor die sondeval God se manier was om Adam en Eva vertroud te maak met Sy karakter,Sy goedheid, en Sy liefde, dan was die doel van opvoeding ná hulle verbanning om die mensdom herbekend te stel aan daardie dinge. Dit moes ook God se beeld in ons herskep. Ten spyte van hulle fisieke verwydering uit God se teenwoordigheid, kan God se kinders Hom, Sy liefde en Sy goedheid, nog steeds leer ken. Ons kan nader aan ons God getrek word, soos Adam en Eva in Eden, deur gebed, diens, en die bestudering van Sy Woord. Te danke aan die goeie nuus van Jesus, en die reddingsplan, is alles nie verlore nie. Ons het hoop op verlossing, en hoop op herstel. En Christelike opvoeding behoort studente na Jesus te lei, na wat Hy vir ons gedoen het, en die herstel wat Hy bied.

Lees 2 Petrus 1:3–11. In die lig van wat alles verlore gegaan het nadat die mens die tuin verlaat het, kom hierdie verse as 'n aanmoediging dat baie weer teruggewin kan word. Wat skryf Petrus hier oor wat ons moet doen om die herstel van God se beeld in ons lewens na te jaag?

Deur Jesus is ons alles gegee "wat tot die lewe en godsvrug dien". Dis 'n mooi belofte! Wat kan sommige van hierdie dinge wees? Petrus maak 'n lysie: geloof, deug, kennis, selfbeheersing, lydsaamheid, ensovoorts. Let daarop dat kennis een van die dinge is wat Petrus noem. Hierdie idee gee natuurlik aanleiding tot die voorstelling van opvoeding. Ware opvoeding gee aanleiding tot ware kennis, die kennis van Christus, en daarom sal ons nie slegs meer soos Hy word nie, maar kan ons ook die kennis wat ons van Hom het met ander deel.

Dink vir 'n oomblik na oor die feit dat die verbode boom die boom van "die kennis van goed en kwaad" was. Wat behoort dit aan ons te vertel dat nie alle kennis goed is nie? Hoe ken ons die verskil tussen goeie en slegte kennis?

Donderdag *1 Oktober*

Die veragters van gesag

Sommige mense word beskou as "gebore studente" in die klaskamer. Hulle het kwalik nodig om te studeer om uitstekende punte te behaal. Hulle absorbeer leermateriaal soos sponse. Die kennis wat hulle opdoen blyk in hulle breine "vas te steek". Volgens 2 Petrus 1 en 2, word dit egter duidelik dat ons opvoeding in Christus 'n gelyke-kans ondervinding is vir diegene wat hulleself daaraan toewy. Die bemoedigende woorde van 2 Petrus 1 staan in skrille kontras met die sobere waarskuwing in 2 Petrus 2.

Lees 2 Petrus 2:1–17. Watter kragtige en verdoemende woorde uiter hy hier? Te midde van hierdie skerp waarskuwing en veroordeling, watter groot hoop word tegelykertyd aan ons beloof?

Let op wat Petrus in vers 10 skryf aangaande diegene wat gesag verwerp. Dis ook 'n skerp teregwysing vir die werklikheid waarin ons vandag leef. As 'n kerkliggaam moet ons van die veronderstelling uitgaan dat daar verskeie vlakke van gesag bestaan waaronder ons funksioneer *(lees Heb. 13:7, 17, 24)*, en ons word opgeroep om aan hulle onderdanig te wees en dit te gehoorsaam, ten minste tot die mate wat dit aan die Here self getrou is.

Ten spyte van hierdie harde veroordeling bied Petrus *(vers 9)* 'n teenstelling. Hy sê alhoewel God magtig genoeg is om diegene wat versoeking gekies het uit werp, weet die Here "om die godsaliges uit versoeking te verlos." Is dit moontlik dat deel van ons opvoeding in die Christendom nie net behels om versoeking te vermy nie, maar ook om te leer op watter talle maniere God ons daarvan kan en sal beskerm? Hy bewaar ons teen diegene, waarsku Petrus, wat "verderflike dwaalleer insmokkel" *(2 Pet. 2:1, AFR83)*. En aangesien die verwerping van gesag so veroordeel word, behoort ons Christen-opvoeding nie ook te bestaan uit die korrekte aanleer van begrip, onderdanigheid, en gehoorsaamheid aan "die geestelike leiers" nie? *(Heb. 13:7, DB)*.

Al kan 'n mens nie van die veronderstelling uitgaan dat Adam en Eva gesag verag het nie, het hulle wel gekies om ongehoorsaam aan daardie gesag te wees. Wat hulle oortreding so verskriklik gemaak het, was dat hulle oortree het in blatante teenstelling van wat daardie gesag, God Self, vir hulle gesê het, en boonop het Hy so baie vir hulle eie beswil gedoen.

Dink meer oor die vraagstuk van gesag, nie net in die kerk of in die gesin nie, maar ook in die algemene lewe. Waarom is beide die behoorlike beoefening van en onderdanigheid aan gesag so belangrik? Bring jou idees saam na die Sabbatskoolklas.

Vir verdere studie:

"Die heilige egpaar was nie net kinders onder die vaderlike sorg van God nie, maar hulle was ook leerlinge wat van 'n alwyse Skepper onderrig ontvang het. Engele het hulle besoek en hulle het met hulle Skepper gemeenskap geniet sonder om deur 'n ondeursigtige sluier van Hom geskei te wees. Die lewenskrag wat hulle van die boom van die lewe ontvang het, het deur hulle are gebruis en hulle geestesvermoëns was weinig minder as die van die engele. Die verborgenhede van die sigbare heelal- "die wonders van die Volmaakte in kennis" *(Job 36:16)*- was vir hulle 'n onuitputlike bron van lering en genot. Die wette en werkinge van die natuur, wat mense die afgelope sesduisend jaar al ondersoek, is deur die oneindige Vormeerder en Instandhouer van alles aan hulle verduidelik. Hulle het met blaar en blom omgegaan en van elk die geheime van sy lewe ontlok. Met elke lewende skepsel, van die magtige leviatan wat in die waters speel tot die kleine insekstipseltjie wat in die sonstraal sweef, was Adam bekend. Aan elk het hy 'n naam gegee en hy was bekend met die aard en gewoontes van almal. Die heerlikheid van God in die hemele en die tallose wêrelde op hulle ordelike bane, "die gesweef van die wolke", die verborgenhede van lig en klank, van dag en nag, al hierdie dinge kon ons stamouers ondersoek. Op elke blaar in die bos, op elke klip teen die berge, in elke blinkende ster, op die aarde en aan die lug is die Naam van God geskryf. Die orde en eenstemmigheid van die skepping het van oneindige wysheid en krag getuig. Telkens het hulle iets bekoorliks ontdek wat meer liefde in hulle harte verwek en nuwe dankbetuiginge ontlok het."—Ellen G. White, *Patriarge ne Profete,* pp. 50, 51.

Vrae vir bespreking

1. Indien God dit aanvanklik so bedoel het dat skool/werk 'n geleentheid vir die mens moes wees waar oor Hom en Sy skepping geleer kon word, hou ons nog deesdae daardie intensie van God in stand? Hoe kan ons beter bekend word met God deur ons werk (betaalde werk, opvoedingswerk, vrywillige werk, bedieningswerk, ens.)?

2. Wanneer ons die slinksheid van Satan in ag neem in die tuin van Eden, is dit maklik om gefrustreerd te raak met ons eie menslike swakheid. Adam and Eva het geweet dat God naby was, en tog aanvaar hulle eerder die slang se halwe waarheid. Hoe kan ons, wat verwyderd staan van so 'n nabye fisiese omgewing met God, nog steeds die krag van Hom ontvang om versoekings te weerstaan?

3. Bespreek die vraagstuk oor gesag en waarom dit so belangrik is om aan daardie gesag gehoorsaam te wees? Wat gebeur wanneer die grense van gesag onduidelik word? Hoe kan gesag misbruik word, en hoe reageer ons daarop as dit so is?